# *Waarom?*

Dankie, Broer.

2 Julle kan maar sit. Julle weet, ek. . . My vrou het gesê: "Bill, ek bewonder jou soort van vir hierdie diens, na Texas toe te gaan waar al daardie mooi weer is."

'n Rukkie gelede het ek haar gebel, ek het gesê: "Hoe koud is dit?"

Sy het gesê: "Dis nie baie koud nie, dis net omtrent nul. Maar wat doen julle almal daaronder?"

3 Ek het gesê: "Reën en ysreën net so hard as wat dit kan." Ek het gesê: "Die somer moes na die weste toe gegaan het, om op vakansie te gaan." Dit het beslis die—die onderste deel van Texas verlaat, het dit nie? Ek sien dat ons môre 'n gladde, reënerige rit het, en so vra ons julle gebede.

4 En ek het nie verwag daar sou enigiemand hier wees nie, ek het gedink die hele Texas was bang vir slegte weer, maar ek sien party van hulle is nie. So, so ons is bly dat julle hier is vanaand, en bly dat ons dit gehad het, julle vir ons hierdie mooi groot diens gewys het, een van die beste dienste wat ons in jare gehad het, julle goeie gees en samewerking.

5 Ek wil hierdie pastore bedank, ieder en elk van julle, vir julle goeie samewerking. Ek kon nie middagete saam met julle eet nie, net 'n ontbyt saam met julle gehad. Maar ek sou graag soontoe wou gaan en kyk hoe jou vrou growwe pap en broodrolletjies kan maak, en, o, goeiste, ek kan my voorstel dit sal goed wees, lekker wees. Ek waardeer ons klein orreliste hier wat so gaaf was, ons gehelp het, al julle mense.

6 En hulle sê vir my dat hulle 'n liefdesoffer gegee het in die, vir die. . . vir my. Al die onkoste is gedek, broers? As dit nie is nie, gee dit net daarvoor, sien. En as alles reg is, en daar is geen spesifieke behoefte daaraan nie, sal ek dit in die werk van die Here sit, soos ek voortgaan. Mag God julle altyd seën.

7 En ek glo daar word in die Skrif gesê: "In soverre julle gedoen het aan die *geringstes* van My kleintjies, het julle dit aan My gedoen." So ek is die geringste, so julle het dit vir Hom gedoen, sien, [Leë kol op band—Red.] . . . julle het. Ek weet dis 'n gedeelte van julle inkomste, wat julle met my deel vir die Evangelie. Ek bid dat God julle so ryklik sal seën, dat wanneer die lewe hier verby is, julle beloon sal word aan die Anderkant, indien nie hier nie, honderdvoudig hier, en Ewige Lewe aan die anderkant.

8 Julle geloof was geweldig, hoe julle bymekaar gekom en julle geloof laat opkom het, julle geloof vermeng het. As dit nie vir daardie geloof was nie, sou die diens nie gewees het wat dit is

nie, maar dis omdat julle geglo het, en saam met my glo, en ek—ek waardeer dit. Ek het vir my broers gesê, en vir die vriende gesê wat my gebel het uit verskillende dele van die land, dat dit geweldig was, hoe die—die mense hier in Beaumont beslis die diens met hulle geloof en gebed ondersteun, en gehelp het.

9 Daar's geen twyfel dat alles, wanneer dit 'n bietjie, 'n bietjie geskiedenis maak, of net iets ongewoon is, jy die voor-en-nadeel daarvan kry, jy die—die goeie en die slegte kry. Jy moet die nag hê om die dag te geniet, jy moet slegte weer hê om goeie weer te geniet, dis hoe die lewe is. Ons moet slegte mense hê om die goeie mense te wys. En so, moet 'n valse hê om 'n egte te maak.

10 Ek sê dit nie omdat ek gevra is om dit te sê nie, ek sê dit omdat dit uit my hart uit is, en ek wil vir julle sê, al julle mense, julle kerke, ek wil nie hê julle moet dink dat ek 'n—'n persoon was wat probeer verskil het van alle kerke nie, en: "Hulle is almal verkeerd, en ek is die een wat reg is," nie. As ek daardie indruk gelaat het, vergewe my, ek het dit nie so bedoel nie. Maar ek het bedoel om te sê dat daar nie 'n organisasie in die wêreld is, wat ek glo, van Christelike godsdiens, wat nie goeie mense daarin het nie, en hulle het God se mense daarin.

11 Ek stem nie saam met organisasie nie, ek, omdat die organisasie, luister nou goed, as die organisasie sê: "Ons glo *hierdie*," met 'n komma, goed, maar as: "Ons glo *hierdie*, punt," is dit heeltemal verkeerd, sien. Sien? As jy jou doktrine eindig met 'n komma: "Ons glo *hierdie*, plus soveel as wat God daarby wil voeg," maar wanneer jy sê: "Ons glo *hierdie*, punt, en dis al," dan sluit jy God reguit daaruit. Sien? En dis hoe organisasies maak, hulle eindig dit met 'n—met 'n punt.

12 Nou, sulke goed het plaasgevind van een van ons broers, omdat hy vir jare gebid het, en hy vir my gebid het om hiernatoe te kom. En ek wil julle vertel hoe die Here gewerk het. Ek het groot stapels uitnodigings gehad, wêreldwyd. Ek het al my Amerikaanse herlewings bymekaar gesit, en dan my buitelandse, oorsee die eerste van elke jaar. Ek begin Kersweek en ons bid daaroor deur die week, want dan is ons gewoonlik tuis.

13 En—en so het ons daaroor gebid, en onmiddellik was my aandag getrek na Texas, Houston, of, nie Houston nie, maar Beaumont. En toe in. . .Ek het gesê: "Het jy enigiets van Beaumont?"

14 Die sekretaris het uitnodigings gebring, verskeie van hulle, en ek het gesê: "Laat ons sien." En ek het net een *so* opgetel, dit neergesit, een uitgesoek, en ek het hierdie pastoortjie se naam gesien, Ek het gesê: "Kontak hom." Sien: "Kontak net vir Broer."

15 En toe, die broer, met goeie bedoelings, met geen kwade gevoelens. . .En as sommige van die staatsmanne hier is, presbiters, of wat dit ook al is, broers, moenie iets sleg doen waaroor julle later jammer sal wees nie. Sien? Sien? Wees 'n

Christen, wees 'n heer. Die broertjie het niks slegs bedoel nie, hy het net probeer om te volg, en was dankbaar vir 'n gebed wat beantwoord is, dis al. Dis al wat dit was, was net dankbaar vir God wat sy gebed beantwoord het. Hy het nie bedoel om lelik te wees nie, en hy, ek dink nie hy is nie, hy's 'n goeie broer, goeie, liewe broer.

16 En toe, toe sy goeie broer, een van die. . .Hy behoort aan UPC, wat onder die mense genoem word, *Eenheid*. En party van die drie-enig gelowige broers het ingekom. Sy hart is honger vir gemeenskap, en toe sy drie-enige broer gekom het, wat hy was, niks om te doen, behalwe om 'n arm om hom te sit nie. Nou, broers, as julle 'n man uit julle gemeentes ekskommunikeer vir so-iets soos daardie, wees God julle sondige siel genadig! Wanneer ek by 'n plek kom, of enige organisasie wat nie sy arms kan uitsteek en 'n broer van enige plek kan kry nie, God wees julle genadig!

17 Gemeentebroers, en julle Kerk van God, Vierkant, en almal van julle, ek is seker julle kan 'n standpunt waardeer wat 'n dapper broer so sou inneem. Ek is seker dat julle Gemeentebroers dit waardeer, julle Vierkant, en Kerk van God, en drie-enig gelowige broers. Hierdie broer het sy hart uitgesteek, hy het nie die hart gehad om te sê: "Bly weg" nie, want hy het julle lief. Nou, terwyl hy in sy deel is wanneer hy onder is, swaar moet kry, en die heeltyd daarop staatgemaak het, as enigiets sou gebeur en die broers hom uit die organisasie sou sit omdat hy met julle gemeenskap gehad het, onthou dit.

18 Hê gemeenskap met mekaar, en vergeet julle verskilletjies, en wees broeders vir mekaar, en versterk hom, help hom, en klop hom op die rug, sê: "Komaan, Broer, ons staan net saam." Dis hoe om dit te doen, dis hoe om dit te doen. Jy sal een ding uitvind, broer, kritiek sal jou net in die moeilikheid laat beland. Dis reg. Moet nooit enigiemand vertrap nie, tel hulle op.

19 Gaan 'n storietjie hieroor vertel, wat net in my gedagte opkom. Daar's nie baie hier vanaand nie, so ons het 'n lekker tyd om te praat, ons sal bid vir die siekes, my klein afskeidsboodskappie vir julle gee. En ek wil graag sê dat, hier 'n tyd gelede, was ek in Ohio, ons het 'n wonderlike diens gehad, was omtrent vier of vyf jaar gelede, miskien ses. En die diens het so vol geword dat ek moes uitbeweeg in die platteland, die motelletjie waar ek gebly het, soveel was daar, of, hotel, liewer, ek het uitbeweeg in die platteland. Ek het gevas vir iets spesiaals om te gebeur, daardie, iets wat die harte van mense sou wen.

20 Julle weet, partymaal wanneer ons vir ander bid, is ons die een wat baiekeer die hulp kry, wanneer jy vir ander bid, soos in die aand wanneer ek sê: "Sit julle hande op mekaar, moenie vir jouself bid nie, maar bid vir die ander kêrel, hy bid vir jou. Die Bybel het gesê: 'Bely julle foute aan mekaar, en bid vir mekaar.'"

21 Dis hoe ons wil maak. Laat die Baptiste bid vir die Metodiste, en die Metodiste vir die Baptiste bid, en die Eenheid bid vir die Tweeheid, en die Tweeheid bid vir die Tweeheid, en Drieheid, en Vierheid, en wat ook al kom. Bid almal vir mekaar, dat ons geloof nie sal faal in daardie een glorieryke Een, Jesus Christus, vir wie ons almal liefhet nie. Ja, meneer.

22 Nou, so ek het uitbeweeg in die platteland, omtrent drie myl uit die stad uit. En so het ons, middagete geëet oorkant by 'n klein Dunkard restaurant waar die, ek dink dit was die Mennoniete, en hulle was goeie mense wat in heiligheid glo. En daardie dametjies, net so mooi en goddelik aangetrek, met hulle klein, met hulle klere wat mooi aan hulle hang, en lang hare, en skoon soos 'n speld; ek het net daarvan gehou om daar te eet. En hulle het my diens bygewoon, en ons het net 'n wonderlike tyd gehad. So, Sondag het hulle die plekkie gesluit, hulle was by die diens, en veral op Sondag het hulle dit nie bestuur nie.

So, ek het gevas vir omtrent twee of drie dae, en ek sou net daardie middag preek, ek het gedink: "Wel, lyk asof. . . "

23 Jy wil nooit vas totdat jy gelei word om te vas nie, dan as jy honger word, is dit tyd om te eet. "Daarna, Jesus was honger *daarna*." Party van hierdie wat sê, hierdie mense wat vas, en sê: "Ek gaan veertig dae vas," en die valstande wat uitval, en gewig verloor, en, goeiste, julle beter ophou daarmee. Wag jy tot God jou lei om dit te doen met daardie dinge. Word gelei deur die Gees.

24 Ek het mense gehad, na 'n sekere boek geskryf en uitgegee is oor vas, het mense in my ry gekom, vroue, swanger, en sulke dinge, wat in my ry kom, hulle verloor—hulle verstand verloor, in die inrigting vir kranksinniges beland daaroor. Sien? Natuurlik kan jy dit nie doen nie. Net omdat iemand anders dit gedoen het, is dit geen teken dat jy veronderstel is om dit te doen nie, laat God jou lei om te doen wat jy doen.

25 Jy gelei word, wanneer jy honger word, is dit tyd om te eet. Wanneer God jou laat vas, word jy nie honger nie, dis God wat met jou werk. Jesus was honger *daarna*. Sien? Nadat Sy vas verby was, was Hy honger. Maar, so egter, laat net daardie—daardie. . .Beoordeel julle dit net self, ek's. . .Julle pastoor is 'n meer geskikte. . .beter posisie om vir julle daardie goed te vertel. As ek verkeerd gesê het, of, vergewe my.

26 Maar egter, ek het gevas vir 'n paar dae, of drie, wat omtrent so lank is as wat ek ooit kan vas, want ek reis soveel. So toe het ek gedink: "Wel, ek gaan net vanmiddag preek, so ek sal net, ek sal soontoe gaan en vir my 'n toebroodjie kry." En ek het gedink: "Uh-oh, hulle is gesluit."

27 Oorkant die pad was 'n, net 'n gewone, ou klein, gewone Amerikaanse restaurantjie, tipies. Wel, ek het net soontoe gegaan terwyl hulle alles gereed gekry het. Ek het gedink: "Ek sal net

vir my 'n hamburger kry, en dit sal soort van die plooie uitstryk totdat ek kan, ek vanaand sal eet na die diens."

28 So toe, het ek my. . .gegaan om 'n hamburger te kry. En ek het in die plek ingeloop, en toe ek in die plek ingeloop het, net die atmosfeer, kon jy sien jy is nie onder daardie gelowiges nie. Oorkant aan die linkerkant was 'n paar dobbelmasjiene, en 'n polisieman wat daar gestaan het, met, omtrent my ouderdom, met sy arm om 'n vrou, wat 'n dobbelmasjien speel.

29 Nou, dobbel is onwettig in Ohio, en daar het hy 'n dobbelmasjien gespeel, 'n man wat veronderstel was om die wet toe te pas, wat die wet oortree. En 'n man wat veronderstel was om te wees, 'n voorbeeld te stel van sedes, en dinge, en met sy arm om 'n vrou, waar hy dit nie behoort te hê nie, en 'n man van my ouderdom! Wel, hy, ek reken hy was getroud en het 'n gesin gehad, ek weet nie. Toe het ek gedink: "My goedheid!"

30 Ek het daar agter gekyk, en daar was 'n tafel van 'n klomp van hierdie kêrels, daardie motorfiets-kêrels met daardie eend-agtige haarstyle, en motorfietsbaadjies, en oorpakke afgetrek op hulle heupe, of. . .Enige. . .Hulle het 'n regte, outydse suidelike pappa nodig, met 'n houtlat met die Tien Gebooie op die punt daarvan. Dis presies wat hulle nodig het. Ja. Julle noem. . .Wat het met die Amerikaanse mense gebeur? Weet julle wat? Hulle noem dit jeugmisdaad, ek dink dis ouermisdaad, wat—dis presies reg. "Spaar die lat en jy bederf jou seun." Dis wat die Skrif sê.

31 En daar het hulle daar agter gesit, en 'n jong dame, mooi, jong meisie, en een seun wat daar gestaan het, soort van 'n leier van die bende, met sy stewels op die tafel, en sy arm om daardie jong dame waar dit baie goddeloos om haar heupe was, soos daardie, en wat hierdie kelnerin in sy arms omhels. Wel, ek het daar gestaan, ek het gedink: "My goedheid!"

32 Ek het oorkant na *hierdie* kant toe gekyk, en daar het 'n ou ouma gesit, omtrent so oud soos my ouma. En sy, arme, ou ding wat hierdie kleefbroek aangehad het, of kortbroek, of wat jy dit ook al noem, en haar arme ou arms, pap vlees, en sy het haar toonnaels in dieselfde kleur van haar lippe geverf gehad, en yslike groot, swart kolle onder haar—haar oë hier waar sy een of ander soort goed geverf het, en haar hare was blou gekleur. Nou, julle weet mense het skaars daardie groenerige blou. So, ek het gedink: "Wel, arme ou ding! Miskien is dit reg so, miskien hou sy daarvan."

33 Maar ek het gekyk, en sy was saam met twee ou kêrels, en hulle was dronk. En een van hulle, net daar in die somertyd, het 'n groot ou, weermagjas aangehad, met 'n groot serp om sy nek gedraai. En hulle het bier gehad wat op die tafel staan.

Ek het gedink: "O, ek sal vir niks hierbinne eet nie!"

34 So, ek het gedink: "God, hoe kan U, wat heilig is, so-iets aanskou?" Ek het gedink: "Sal my klein Sarah en Rebekah onder

sulke goed soos daardie moet grootword as 'n Amerikaner?" My twee dogtertjies wat ek probeer grootmaak vir God om sendelinge te wees, of pianiste, of iets, miskien met 'n klein predikertjie trou wat hom sal help in die werk van die Here, probeer om hulle skoon en regverdige meisies groot te maak, regte vroue te maak, en hulle moet grootword onder so 'n atmosfeer soos daardie!

35 Ek het gesê: "Vader, met die gees wat ek het, wat U my gegee het, my gees wat geheilig is deur U, Bloed van U Seun, en dit lyk boos vir my, hoe kan U verduur om daarna te kyk? Waarom tref U nie net die ding en vee dit van die aarde af nie!" My regverdige verontwaardiging kon opgekom het. Sien? Ons wil nie sê dit was humeur nie, maar dit was net iets, dit was dieselfde soort verontwaardiging wat Jesus gehad het toe Hy na hulle gekyk het met woede en hulle uit die tempel geslaan het, julle sien.

36 En so, het ek rondgekyk en ek het dit alles gesien, en ek het gedink: "En my klein Sarah, Rebekah sal onder so-iets moet grootword? God, lyk as U heilig is, en hoe groot U is, lyk of U net die ding van die kaart af sou blaas, soos daardie! Hoe kan U dit verduur?" Ek het gedink "O, goeiste!"

37 En ek het iets voel gaan: "*Whew, whew, whew,*" soos 'n sirkel. Dis hoe daardie Lig wanneer Dit opkom, Dit sirkel soos 'n vuur. En ek het opgelet, en Dit het naby my gestaan. Ek het agter die deur ingegaan. Ek het my kop teen die muur gesit, en ek het gesê: "Hemelse Vader, wat...?" Ek het gedink...Nou, hier's wat ek gedink het. "Wil U hê ek moet Oordeel afroep?" Nou, dit wys net hoe 'n mens so ver kan wegkom.

38 Ek het teruggetree. Ek het gedink Hy gaan my vra om net daar uit te gaan en te sê: "Almal van julle, ek bestraf julle almal, julle sondaars! Bekeer of sterf!" Sien? En ek het gedink dis wat Hy vir my sou sê om te doen; Ek sou dit nie doen tensy Hy my gesê het nie. So ek—ek het uitgegaan, teruggegaan soontoe, en ek het gedink Hy gaan my wys.

39 Toe ek het, het ek gesien, gelyk soos, toe ek my oë oopgemaak het nadat ek geweet het Hy was daar agter die deur saam met my, en gelyk soos iets wat draai. Ek het begin kyk, en dit was 'n wêreld, hierdie aarde, en oral rondom dit was 'n mis, soos 'n rooi mis wat oral om dit gewaai het, ek het daar ver bo gekyk, en ek het Hom gesien.

40 Toe het ek afgekyk, ek het myself gesien, gelyk asof ek reg op die aarde gekom het. En alles wat ek sou doen, wat gemeen was, sou my sonde begin om op te kom voor God. En voor dit by Hom kon kom, het Jesus opgetree soos 'n buffer op 'n motor tussen my en God. Sien? Dit het Hom getref, en Hy sou Sy sy vashou, die trane sou uit Sy oë loop, en ek sou Hom hoor sê: "Vader, vergewe hom, hy weet nie wat hy doen nie."

41 Ek het myself gesien as 'n klein seuntjie, die dinge wat ek gedoen het. En ek sou elke keer sien wat ek iets verkeerd sou doen, wel, gelyk asof dit sou begin, en God sou my daarvoor doodgemaak het, sien, en ek, want Hy is heilig, sonde kan nie in Sy Teenwoordigheid staan nie, maar ek het daardie mis sien omwaai, en dit, daardie Bloed van Jesus, wat optree soos 'n buffer tussen my en om doodgemaak te word deur God.

42 Wel, ek het gekyk, naby gekom aan waar Hy was, en ek het gekyk, en daar het my boek voor Hom gelê, en daarop was my naam, en elke slegte ding wat ek ooit gedoen het was reg daarop geskryf. En ek het elke keer opgelet dat ek iets verkeerd sou doen, vo-. . . Ek dit gedoen het, sou Hy—sou Hy dit vang, en dit—dit het Hom seergemaak, en Hy sou soort van Sy asem intrek, en trane sou teen Sy wange afloop, en Hy sou sê: "Vergewe hom, hy weet nie wat hy doen nie."

Ek het gedink: "Here, het ek U so laat ly?" Ek het gedink: "Ek het U lief! Sou ek U so laat ly? Bedoel U my sondes het dit gedoen?"

43 Hy het Sy kop vir my geknik, en ek kon dit sien, het gelyk soos julle Hom in die foto sien, met daardie kroon op Hom, soos daardie, Bloed in Sy oë en gesig. Hy het na my gekyk, en gelyk of trane net Sy baard aanmekaargeplak het, Bloedvlekke oraloor Sy gesig.

Ek het gesê: "Het my sondes dit aan U gedoen?"

Hy het Sy kop vir my geknik.

Ek het gesê: "God, vergewe my. Ek—ek sou nie—ek sou U nie so wou seermaak nie, Here. Ek het U lief met my hele hart."

44 Hy het Sy sy gevat, daaraan geraak met Sy hand, Sy vinger soos *hierdie* geneem, en op my ou vuil boek geskryf, "Vergewe," dit geneem en dit agter Hom gegooi, soos hierdie, in die See van Vergetelheid, 'n nuwe boek oopgemaak.

Ek het gesê: "Here, ek dank U. Ek sal—ek sal nooit enigiets verkeerd probeer doen nie. U . . . "

Hy het gesê: "Nou, Ek het jou genadiglik vergewe, Ek het jou genadiglik vergewe, en dan wil jy haar vernietig."

45 En teen daardie tyd het die deur teruggekom, en ek het reguit na die vrou gekyk wat daar gesit het. Ek wou haar vernietig, nadat ek genadiglik vergewe is. Ek het net weer die deur toegetrek waar ek my arms beweeg het terwyl die visioen aan die gang was, ek het die deur oopgemaak, ek het gesê: "Vader, vergewe my. Ek—ek sal reguit na haar toe gaan en ek sal om verskoning vra."

46 Ek het by die deur uitgestap. Een van daardie ou manne, dronk, wat daar by haar gesit het, het gesê: "Dink jy die reën sal die rabarber seermaak?" En opgestaan, en hulleself verskoon, uitgestap, na die toilet.

47 Ek het soort van soontoe geloop, en hierdie polisieman het steeds die dobbelmasjien gespeel. En ek het soort van soontoe geloop waar sy was, ek het gesê: "Aangename kennis?"

Arme ou ding het opgekyk en gesê: "O, hallo."

En ek het gesê: "Kan ek gaan sit?"

Sy het gesê: "Dankie, ek het geselskap."

Ek het gesê: "Ek het dit nie so bedoel nie." Ek het gesê: "Ek wil net 'n woordjie met jou praat. Ek wil hê jy moet vra of . . . Ek wil jou vra om my te vergewe."

Gesê: "Wat het jy ooit aan my gedoen?"

Ek het gesê: "Sal jy net 'n oomblik wag, laat ek jou sê?"

Gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Ek het in die deur gestaan," en ek het vir haar die storie vertel. Ek het gesê: "Reg daar agter, het Hy my gewys waar ek verkeerd was."

Sy het opgekyk, en gelyk asof dit haar nugter maak, sy het opgekyk, sy het gesê: "Is jy Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ek is."

Sy het gesê: "Jy's daardie prediker hier onder."

Ek het gesê: "Ja, mevrou."

Sy het gesê: "Ek skaam my dat jy my so moet sien."

En ek het gesê: "Sal jy my vergewe?"

Sy het gesê: "Sekerlik."

Sy het gesê: "Gaan sit."

Ek het gesê: "Dankie." En ek het gaan sit by die klein eethoekie saam met haar.

48 En sy het gesê: "Ek wil vir jou iets vertel, Broer Branham." Sy het gesê: "Ek het verbygegaan en jou dienste gesien, ek het dit geadverteer gesien, ek het ingegaan." Gesê: "Ek skaam my net vir myself." Sy het gesê: "Wat sou jy glo as ek jou vertel het dat my vader 'n Metodiste prediker was?" Gesê: "Ek het twee dogters, albei van hulle is Sondagskoolonderwysers."

Ek het gesê: "Wat het gebeur?"

49 Sy het my vertel van 'n—'n brief van haar man, en hy het weggeloop met 'n ander vrou, sy het begin drink, en begin, en sy het gesê: "Ek weet ek—ek kan nie gered word nie," net die wet gevolg, julle sien. En ek het gesê . . . Gesê: "Ek kan nie gered word nie."

Ek het gesê: "Nee, jy kan. Nee, jy kan."

Sy het begin huil, sy het gesê: "Broer Branham, dink jy ek kan gered word?"

50 Ek het gesê: “Waarom het Hy dit toe vir my gesê, ’n paar minute gelede?” Ek het haar aan die hand geneem, daar op die vloer gekniel, en daar het sy haar lewe vir Jesus Christus gegee. Julle praat van dobbelmasjiene wat stop en al die res! Almal daarbinne, ons het gehuil en gebid. Sy het opgestaan, uitgegaan om huis toe te gaan, ’n nuwe lewe.

51 Sien, God het my gewys dat my eie hart nie reg was nie, want ek het haar probeer veroordeel, en nie gekyk waar ek ook vandaan kom nie. So as ons altyd kan onthou, terugkyk na die gat waaruit ons gekap is, sal dinge baie anders lyk. Sien? Ons wil niemand veroordeel nie, almal liefhê.

52 Wanneer jy ook al daardie ware, egte liefde verloor wat in jou hart is, het jy alles verloor, sien. Moet dit net nooit vergeet nie, dat wanneer jy liefde verloor, dit alles verlore is.

53 Nou, onthou dit, die liefde wat hierdie broertjie vir julle almal gehad het. En ons sal die liefde van die broers hier onthou.

54 Broer, wat jy ook al doen. . . Ek sê nie al julle organisasies breek op en maak een organisasie nie, dit sal nooit so wees nie. Julle sal dit nooit doen nie, julle sal net deur die lewe gaan net dieselfde ou ding wat slaan, en stry, en baklei, dis verkeerd. Hou julle organisasie, bly daarin as julle kan, dis alles reg, maar steek ’n arm uit, en hê al die ander lief, en respekteer. Gee hom ook ’n kombersie, want hy wil ook toegegooi word, dit strek ver genoeg vir ons almal.

Plek, plek, daar’s baie plek.
Daar’s plek by die fontein vir my.

Dis reg, daar’s plek vir almal van ons, en onthou dit net.

55 As ek elke Pinksterkerk kon sien, die Vierkant, Oop Bybelstandaard, Pinkster Gemeentes van God, Verenigde Pinkster Kerk, en al die res van hulle, wat hulle arms om mekaar sit, en hulle verskille vergeet, net gemeenskap hê met mekaar, sou ek sê: “Laat U dienskneg in vrede gaan, want my oë het U verlossing gesien.” Dis reg. En solank Satan julle op mekaar laat skiet, sit hy net agteroor en hou vakansie, hy hoef glad nie te probeer nie, sien. Julle. . . Sien? Ek bid dat ek sal lewe om die dag te sien.

56 En as julle dit nie self doen nie, sal een of ander soort van ’n vervolging hierdie nasie tref een van hierdie dae, dan sal julle na mekaar verlang, broers van dieselfde kosbare geloof. So waarom deur die straf gaan, wanneer ons ’n klein stukkie van die Hemel op aarde kan hê net nou? God sy met julle.

57 Ek wil terugkom. Ek het julle hoor vra, vir my gesê. . . wil hê ek moet terugkom. Ek sal eendag terugkom, as die Here wil. Ek sal daarvan hou om ’n tent te bring en dit hierbuite iewers op te slaan, in, reg tussen die stede hierrond, en ons almal laat

vergader en gemeenskap hou met mekaar, probeer om die kerke op te bou.

58 Elkeen van julle het nou iets om te doen. Elkeen van julle kom reg in julle kerk in, en werk net so hard as wat julle kan vir julle plaaslike kerk. Sien? Maar moet nooit kritiseer nie. As jy iets slegs van die ander kant af weet, moet niks daarvan sê nie, sien, hou dit vir jouself, die vyand, luister net om dit te hoor. Sien? Laat hom niks weet nie, moet niks uitspreek nie, dan sal hy niks daarvan weet nie. Sien? Hou dit vir jouself, en bid.

59 Sê: "Wel, die arme broer het verkeerd gedoen." Maar moet hom nie afdruk nie, hy's in elk geval onder, probeer hom optel, sien, hom oplig. Wees die barmhartige Samaritaan, sien, probeer hom optel. Jy vir eers nie met hom kan praat nie, bid vir hom bid tot dit so is. Hou hom net op jou hart, want sy siel is tienduisend wêrelde werd.

Nou laat ons bid.

60 Ons Hemelse Vader, soos ons wil buig om U te dank vir hierdie wonderlike mense hier onder, U diensknegte, ek dank U vir Broer King, Broer Petty, vir al die res van hulle, Here, hierdie goeie broers, hierdie wonderlike susters, hulle kerke, hulle—hulle lidmate, en vir daardie wonderlike mense in die stede, en die besigheidsplekke, hoe hulle so gaaf was.

61 Ons dank U vir hierdie ouditorium, vir hierdie—hierdie mense wat ons dit laat kry het. God, hulle het altyd hulle deure oral oopgegooi vir my, in reën, en storms, en dinge! God, mag hulle lewe tot die Koms van die Here. Skenk dit. Seën die opsigters, al die lede van die losie, almal. Mag hulle almal rus en vrede in Christus vind. Skenk dit, Here.

62 Seën hierdie goeie polisiemanne wat die gronde hierbuite dopgehou het, daardie kêreltjie nou die aand wat uitgekom en oorkant na my gekyk, en daardie wonderlike kompliment gegee het. Vader, ek was toe amper uit, net uitgeval onder die salwing nadat. . .Ek het nie 'n kans gehad om veel vir hom te sê nie. As daardie seun nie gered is nie, en hoe hy, komplimente wat hy gesê het oor die diens, bid ek, God, dat hy die Heilige Gees sal ontvang, gee dit, Here, in die Hemel sal wees. As ek hom nooit weer op aarde sien nie, mag ek in staat wees om sy hand te skud. 'n Man soos daardie sou 'n goeie polisieman vir enige stad wees.

63 Hierdie kêreltjie met wie ek gepraat het by die deur net 'n rukkie gelede, God seën daardie man. Ons dank U net vir alles, Here, U is so goed vir ons. Ons bid nou dat U sal voortgaan om ons te seën soos ons voortgaan na die Weskus.

64 Ek bid dat U Broer King nou sal seën, en ons het gepraat van sy probleme, en ons bid dat U met hom en al die ander broers sal wees. En, God, die enigste ding wat ek kan doen, is, 'n mens kan dit nie doen nie, maar mag U Heilige Gees voortdurend hierdie

harte van hierdie mense saambind totdat hulle een is in Christus Jesus. Skenk dit, Vader.

65 Gee ons 'n wonderlike diens vanaand. Baie van hulle het oor gladde paaie gekom, en—en buite in hierdie reën en storm om vanaand hier te kom om die afsluitingsdiens te hoor, ek bid dat U hulle sal seën. Mag daar vanaand nie 'n swak persoon in ons midde wees nie. Ek vra dit, Vader, tot U eer. Mag die krag van die Heilige Gees inkom vanaand en die uitermatige oorvloedige gee bo alles wat ons selfs kan doen of dink. Verder wag ons op U. In Jesus' Naam, praat met ons. Amen.

66 Al die klein pakkies hierbinne, julle kan hulle optel sodra ons is. . . Ek bid oor hulle. Ek wil wag tot die salwing van die Heilige Gees op my kom om vir die siekes te bid.

67 Nou oorkant in die Boek van Jeremia, die 22ste vers:

> *Is daar geen balsem in Gílead nie; is daar geen geneesheer nie? want waarom het. . . die genesing van die dogter van my volk dan* nie *tot stand gekom nie?*

68 Ek wil die onderwerp neem, ter afsluiting vanaand, om die vraag te vra, soos God het, *Waarom?* Nou, ek hoop ons sal nie lank wees nie, twintig, dertig minute, dan kan ons vir die siekes bid. *Waarom?*

69 As God 'n voorbereiding maak, of 'n plek van ontsnapping, en die mense dan nie daarin wandel nie, het God 'n reg om te vra waarom. Glo julle dit nie? Hy het 'n reg om te vra waarom.

70 As. . . Jy word nie veroordeel omdat jy 'n sondaar is nie, jy word veroordeel omdat jy Jesus nie as jou Verlosser aanvaar nie. Nou, God sou onregverdig wees om jou te veroordeel, en nie 'n voorbereiding vir jou te maak om daaruit te kom nie, want jy is gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, kom leuenagtig in die wêreld. Maak nie saak wie jou ouers was, of wat hulle was nie, jy's steeds net 'n sondaar, soos enige ander kind wanneer jy in hierdie wêreld gebore word.

71 Ons is almal gebore in sonde, ons kan nie onsself red nie. Ons kon net so min onsself red, as wat ons ons stewelveters kon neem en onsself oor die maan lig. Ons kon dit nie doen nie, ons is totaal hulpeloos. En daarom sou God jou nie op daardie basis veroordeel omdat jy 'n sondaar is nie, Hy sal jou veroordeel omdat jy weier om die ontsnappingsweg te volg. So daarom is dit nie God nie, dis jyself, jy veroordeel jouself. En wanneer jy jouself veroordeel, is daar niemand om te bejammer behalwe jouself nie. Dis al. Ons is. . . Jy—jy moet jouself bejammer, want jy het nie God se voorsiende weg van ontsnapping aanvaar nie.

72 Nou, wanneer God Sy weë maak, wonder net *waarom* Hy voel wanneer Hy 'n weg vir ons maak, vir ons genesing, vir ons verlossing, vir ons troos, vir ons vrede, en al hierdie dinge, en ons net wegloop en hulle verlaat. Moet Hom vreeslik sleg laat voel.

73 So eenkeer in die Bybel, oorkant in die Boek van Twee Konings, was daar 'n—'n koning wat 'n koning van—van Juda was, en hy, sy naam was Ahásia, hy was die seun van Agab en Isébel. Hy het sy vader Agab opgevolg op die troon, na Agab, daardie grenslyngelowige, afvallige van die Evangelie, louwarm kerklidmaat, gegaan en met 'n heidense meisie getrou het om sy koninkryk te versterk, toe afgodediens in Israel ingebring het. O, wat 'n verskriklike ding het hy gedoen!

74 En toe het sy klein, heidense vroutjie die lewe van dierbare Nabot geneem sodat die koning sy erfporsie kon afvat. En daardie profeet het geprofeteer wat met hom sou gebeur, en wat met haar sou gebeur, die honde sou haar in die straat vreet, en sou die bloed van Agab van sy strydwa aflek. En dis net presies wat gebeur het.

75 Ek kan dink aan die tyd toe Jósafat, 'n man van God, wanneer hy regtig moes—nie moes geassosieer het met die verkeerde geselskap nie. 'n Gelowige het nie enige gemeenskap met ongelowige nie.

76 'n Kraai en 'n duif kan nie saam praat nie. 'n Kraai vreet aan 'n ou, dooie karkas, 'n duif is een voël sonder 'n gal, as dit daardie dooie karkas sou vreet, sou dit dit doodmaak. Dis 'n spesiaal-geboude voël, 'n—'n duif is. 'n Duif vreet net graan, hy het geen gal nie, hy kan dit nie verteer nie. So is 'n Christen, het geen gal van bitterheid in hulle nie, hulle kan nie die dinge van die wêreld eet nie. 'n Kraai kon die goed vreet, koring, en hy kan ook karkas vreet, hy's 'n skynheilige.

77 En 'n duif, ek wil julle iets vertel, 'n duif hoef nie water te hê vir 'n bad nie. Het jy al ooit 'n duifie opgetel, jou hand oor hom gevryf? Hy's olierig. Daar's iets van binne wat uitkom en hom skoon hou. O, goeiste! Sy liggaam is geolie, met 'n olie van binne wat uitkom. Amen. Ek wil nie daarmee begin nie, ek sal van my onderwerp afkom. Maar hy hou sy liggaam, sy vere, sy klere skoon deur 'n olie aan die binnekant. Elke keer wat hy sy liggaam beweeg, werk dit daarbo uit op sy vere en hou hom voortdurend, die heeltyd, skoon. O, die Bloed van Jesus Christus reinig die gelowige dag en nag!

78 En Agab het afgegaan, en 'n bietjie gemeenskap gehou met Jósafat, of, Jósafat met Agab. En hy . . .

79 Wanneer jy ook al sommige van die ongelowige wêreld sien: "Sal jy na ons kaartpartytjie toe kom, skat?" wees versigtig.

80 "Wel, jy weet jy werk hier en jou baas wil hê jy . . . ons gaan net 'n bietjie sosiaal verkeer vanaand." Bly weg daarvan, kom weg daarvan.

81 "Wel, dis Kersfees, jy het 'n reg om 'n bietjie skoon pret te hê." Jy moet dit nie glo nie, bly weg daarvan, vermy elke vorm van kwaad, bly weg daarvan.

82 Maar Jósafat het swak geword, en afgegaan om Agab te sien. En Agab het 'n doel gehad, hy het gesê: "Wel, ons het 'n stukkie grond hierbo, dit behoort aan ons." Hy het hom al die groot dinge gewys. En dis hoe die duiwel maak, wys julle al die groot dinge wat hy het, sien, alles wat hy het. Wel, die glinster, die goud, het soort van sy oë laat blink, julle weet, en hy het gedink: "Goeiste!" Dit het hulle nie laat blink nie, dit het hulle verdof.

En so uiteindelik het hulle daar gesit, en hy het gesê: "Wel, ons gaan op na Ramot-gilead, of sal ek voor-. . .-trek?"

Hy het gesê: "Ons behoort die Here hieroor te raadpleeg."

83 So Agab het gesê: "O, natuurlik so! Um-hum. Ons behoort dit te doen. Ek het die beste kerkstelsel wat daar in die land is." Hy gaan af na sy kweekskool en kry vierhonderd profete. Dis reg. Mooi aangetrek, en agterstevoor krae, en o, hulle was wonderlike manne, elkeen van daardie kerklikes, regte teoloë.

84 Gesê: "Goed, menere, julle is goed gevoed en geklee, maar hierdie groot ding, nou, ek sê julle wat ek wil hê julle moet doen: Profeteer vir my en sê vir my of ons na Ramot-gílead toe moet gaan. Sien hoe groot my klere is, en watter groot biskop ek is? En hier's ook Biskop *So-en-so* van hierbo by die ander koninkryk. Ons gaan kragte saamsnoer. Julle weet, ons sal dan verenig wees, so ons sal groot dinge doen, julle weet."

85 So een van hulle het selfs vir hom 'n paar horings gebou, en deur die gehoor begin hardloop en sê hy het al die Siriërs teruggestoot. "Die hele land behoort aan ons, en so gaan julle hiermee wen."

86 Julle weet, daar's iets aan 'n gelowige, as hy ooit in kontak was met Christus, kan hy net nie daardie soort goed aanvaar nie. Tog, ou Jósafat wat daarbo gesit het, hy het gesê: "Is daar nie net nog een nie?"

87 "Nog een? Wel, hier's vierhonderd van die hoogsgeleerde, beste manne wat daar in die land is, en hulle is profete. Waarom sou ons nog een vra? Elkeen van hulle het 'n D.L.D., Ph.D., dubbel L., Q.S.T. Wel, hulle is . . . Goeiste, jy kan nie vir meer grade vra nie! Goeiste, hulle ken die Skrif van binne na buite, agtertoe, en vorentoe."

Jósafat het gesê: "Maar jy weet, ek het 'n snaakse gevoel. Ek wens ons het net . . . Is daar nie net nog een nie?"

"O," het hy gesê: "ja, maar hy's 'n holy-roller, en sy naam is Miga, die seun van Jimla, maar," gesê: "ek haat hom." O!

So Jósafat het gedink: "*Dit—dit klink soos 'n etekaartjie*." So: "Moenie dat die koning so sê nie. Maar ek wil graag hoor wat hy sê."

88 So 'n hardloper het soontoe gehardloop na die hutjie waar hy was, die gemeentetjie iewers op die hoek, julle weet, en hy het gesê: "O, Miga, weet jy wat? Jy moet . . . Ek moet nou net gou in

jou oor fluister." Sien? "Sê jy dieselfde ding wat hulle sê. Sê jy net soos hulle sê, want ek sê jou, dat al vierhonderd van daardie kerklikes sê ons moet—ons moet dit *so* doen, so jy moet dieselfde ding sê."

89 Miga het gesê: "So waar as die Here God leef, sal ek net sê wat Hy in my mond sit." Ek hou daarvan, ek hou daarvan. Um-hum.

90 So hulle het hom soontoe gebring, Agab het 'n woede-uitbarsting gehad: "Daardie holy-roller onder ons kry hier onder, sal dit ons gemeente ruïneer so seker soos die wêreld." So toe, voor jy jou kom kry toe hy opgekom het, het hy gesê: "Nou, ek waarsku jou, hy gaan niks anders as kwaad oor my sê nie, want ek weet hy val my altyd aan oor my vroue wat hulle hare knip, en al hierdie dinge. O, hy's 'n holy-roller, reg!"

Nou, hy het gesê: "Ek gaan egter reg by die Woord bly."

So hy het gesê: "Miga, sal ek opgaan na Ramot-gilead en die ding vat wat aan my behoort, of sal ek wag?"

Gesê: "Gee my vanaand, laat ek sien wat die Here sal sê."

So na die nag verby is, het hy teruggekom. Gesê: "Wat sê jy?"

Gesê: "Trek op, as jy wil."

Hy het gesê: "Hoe lank sal ek jou beveel," hy het geweet daar was iets verkeerd daarmee: "dat jy my net die waarheid vertel."

Gesê: "Trek op," hy het gesê: "maar ek het Israel gesien soos skape verstrooi sonder 'n herder." En hy het gesê . . .

91 Hoekom? Hy het gebly by die Woord van God. Hy het dieselfde ding gesê wat die Woord gesê het, want die Woord van God was met die profeet. En die profeet Elía het gesê hy kon nie goed profeteer teen die man wat boos was soos Agab nie. So die profeet, die Woord het klaar gesê dat Agab doodgemaak sou word, Isébel vir die honde gevoer sou word. En so, wat sou Miga enigsins anders kon sê as wat die Woord gesê het? Reg, hy moes by die Woord bly. Maak nie saak hoe wonderlik dit klink en hoe groot dit klink nie, kyk na die Woord, Dis altyd waarheid.

92 En so, het dit hierdie groot staatspresbiter uitgedaag, of biskop, wat dit ook al was, hom op die mond geslaan, en gesê: "Waarheen het die Woord van God uit my uitgegaan, as Dit na jou toe gegaan het?"

93 Hy het gesê: "Jy sal eendag sien." Hy het gesê: "Ek het God op die troon sien sit, en die hele leërskare van die Hemel was rondom Hom, en Hy het gesê: 'Wie kan ons kry om af te gaan en Agab te mislei om hom daarbuite te kry en Elía se profesie te laat waar word?'" God waak daaroor, julle weet. Gesê: "'Wie kan Ek kry om daar uit te gaan?'

94 "En 'n leuengees het opgekom van onder, waarskynlik die hel, opgekom en voor Hom gestaan, gesê: 'Ek sal afgaan en

in daardie predikers ingaan en elkeen van hulle 'n leuen laat profeteer.'"

95 God se Woord gaan vervul word, broer, ek gee nie om wat gebeur nie. Johannes het gesê: "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek." God se Woord!

96 Die seun van daardie man het sy troon ingeneem na sy dood. Eendag daar uitgestap, hy het steeds daardie profete gehaat, en hy het daar uitgestap eendag op sy balkon en rondgekyk, en hy het deur die traliewerk geval en hy het seergekry, die Bybel het gesê hy was siek. So hy het 'n paar van sy manne geroep en twee van hulle, of 'n klein groepie soldate, na Ekron toe gestuur, oorkant om die profete van Baäl te raadpleeg, of hy gesond sou word of nie.

97 So, julle weet, God maak Sy geheime bekend aan Sy profete. Dit reg? So, Elía daaronder in die berg, agter in 'n grot, wat op 'n hoop—hoop takke gelê het, of iets, daaragter, sy mantel wat daaroor gelê het, het die Here met hom gepraat. En hy het soontoe gegaan en in die pad gestaan, Hy het gesê: "Gaan soontoe. Staan daar, want hulle gaan soontoe."

98 O, hierdie soldate het om die hoek gegaan, hulle het gekyk, daar kom in die pad, 'n ou prediker afgestap wat harig lyk, baard oral op sy gesig, en 'n groot stuk leer om hom gedraai, hy was nie veel om na te kyk nie, maar hy het SO SPREEK DIE HERE gehad, dis die hoofsaak. Was nie so *klassiek* nie.

99 So, hy het hulle gestop, hy het gesê: "Waarom gaan jy soontoe na Ekron?" Gesê: "Gaan sê vir hom: 'Hoekom het hy daar geraadpleeg? Is dit omdat daar geen God in Israel is nie? Is daar geen profeet hier om te raadpleeg nie? As hy iets daarvan wou weet, waarom het hy God nie gevra nie? Hy is veronderstel om die koning hier te wees, van Israel, so waarom het hy God nie gevra nie? Is dit omdat ons nie 'n God hier het nie? Is dit omdat ons geen—geen profeet hier onder het nie?' Maar omdat hy dit gedoen het, gaan sê vir hom: 'SO SPREEK DIE HERE, kom hy nie van daardie bed af nie.'" O, goeiste!

100 Ek wonder vandag, waarom wil mans sigarette rook? Waarom wil mense by die huis bly op Woensdagaand, 'n televisieprogram kyk, in plaas van om biduur toe te gaan? Waarom wil ons dit doen? Omdat daar geen vreugde in die huis van die Here is nie? Wat laat 'n persoon wil—wil drink, en rinkink, en so optree? Is dit omdat ons nie enige God het nie? Is dit omdat daar geen vreugde meer in die huis van die Here is nie? Is dit omdat die Heilige Gees nie gereed is om ons almal te seën nie? Is daar—is daar enigiets verkeerd Daarmee?

101 Maar omdat ons dit doen, dis waarom ons vervloek is, dis waarom God hierdie ding op die kerk geplaas het, hierdie koue en klammigheid, ons gaan na ander plekke toe vir plesier, in plaas van om na die huis van die Here te kom vir plesier. Die huis van

die Here is die vreugde van die Here, die vreugde van die Here is die vreugde van Sy mense. Hy wil hê jy moet kerk toe kom en Hom aanbid, en gelukkig, en tevrede wees, lof, en eer, en glorie, en wysheid, en mag, en krag aan God gee, Hy wil hê jy moet dit doen.

102 En nou, julle weet toe hierdie boodskappers teruggekom het, en so het hulle gevind. . .ingegaan na hierdie koning, en hulle het gesê: "'n Man het ons teruggestuur, en vir ons *so-en-so* gesê."

Hy het gesê: "Wie was hy? Hoe was hy aangetrek?"

Gesê: "Hy was vol hare, en het 'n stuk leer om sy lendene gehad."

En hy het gesê: "Dit was die, Elía, die profeet van God, die Tisbiet."

103 O, goeiste! Hy het geweet wat sou kom. Dit was nie omdat hulle nie 'n God gehad het nie, dit was nie omdat hulle nie 'n profeet gehad het nie, maar dit was—dit was die koning se eie dom maniere, dit was sy eie selfsugtige en goddelose dade, soos sy mamma en pappa. Hy het daardie profeet gehaat.

104 Dis waarom daar vandag oordeel op die wêreld rus, dis nie omdat ons nie 'n God het nie, nie omdat ons nie profete het nie, maar dis omdat die mense die weë van die Here haat, en die weë van die wêreld liefhet. Dis presies reg.

105 Dis net soos 'n man, 'n pasiënt, wat sterf op 'n dokter se drumpel omdat hy weier om sy medisyne te neem; dieselfde ding. Hy sterf op die dokter se drumpel met genoeg medisyne daar binne vir sy geval, maar hy weier om dit te neem. Dis nie die dokter se fout nie, dis nie die serum se fout nie, dis die man se fout, want hy wil nie die serum neem nie. Dis al. En dis 'n gevaarlike ding, is beslis. Jy kan nie sê die dokter was die oorsaak daarvan, en jy's reg op sy drumpel, wil nie sy medisyne neem nie, en tog het hy iets.

Nou, jy sê: "Glo jy daarin om medisyne te neem?"

106 Ek glo in enigiets wat die menslike ras help, goddelik is. Dit is beslis. Dit is presies. Sê my hoekom ons het die . . . wat sou ons vandag doen sonder hierdie klinieke en hospitale, ensovoorts? Sekerlik. Ek weet daar's party agter die toe deur toe ek eers begin het, maar waarheen het dit alles gegaan? Sien, jy moet verstandig na enigiets kyk. Enigiets, as—as medisyne, hospitale nie van God is nie, hulle antichris is, brand hulle af, kry hulle uit die land uit, sekerlik. Maar dis iets om jou te help, sekerlik.

107 Maar daar is nie een van hulle wat jou kan genees nie. Daar is nie 'n medisyne in die wêreld nie, geen dokter . . . as hy is, is hy 'n kwak, is hy nie 'n regte dokter nie. As 'n dokter vir jou sê dat hulle 'n medisyne het wat jou sal genees, weet hy nie waarvan hy praat nie. Mayo Broers sê daar's nie 'n medisyne in die wêreld

wat jou sal genees nie, gesê: "Daar's net een Geneser, dis God, ons maak net aanspraak om die natuur by te staan."

Soos ek julle gesê het, as ek my hand gesny het, dood neergeval het net hier, kon al die—die medisyne in die land nie daardie messny genees nie.

Jy sê: "Nee, jy's dood."

108 Wel, laat hulle net my liggaam balsem, en weer natuurlik laat lyk vir vyftig jaar, en elke dag 'n inspuiting penisillien in my sit, en alles, en dit sou nooit enigsins beter word nie, salf daarop sit, en dit toewerk, en my alles gee . . . dit sou dit nie doen nie. As dit gemaak is om die liggaam te genees, waarom genees dit dit nie? Daar lê dit.

Jy sê: "Die lewe het uitgegaan."

109 Dis reg. Nou, wat is lewe? en ek sal julle sê Wie God is. Dis presies reg. God is die Geneser. 'n Dokter kan 'n been spalk, maar hy kan dit nie genees nie.

110 Wat as ek my motor geswaai het, my arm gebreek, en ingehardloop, gesê het: "Haai Dokter, genees my arm sommer gou sodat ek kan uitgaan, my motor kan aanhou swaai. Kan nie die ding aan die gang kry nie"?

Hy sou sê: "Jy het verstandelike genesing nodig."

111 Dis reg. Hy mag dit spalk, maar hy kan dit nie genees nie. Dis reg. Hy kan 'n tand trek, maar hy kan nie die gat genees waaruit dit gekom het nie. Hy kan 'n blindederm uit jou sy sny, maar hy kan nie die plek genees wat hy gesny het nie, want daar's geen medisyne wat selle sal bou, selle sal vermeerder nie.

112 En voor jy enigiets kan genees, moet dit 'n vermeerdering van selle wees, so God is die enigste Geneser. Jy kan nie God se Woord verkeerd maak nie, Psalm 103:3 het gesê: "Ek is die Here, wat *al* jou krankhede genees." Ek is ondervra by Mayo Broers, en baie plekke, en hulle sê dit. "Ons is nie genesers nie, ons maak nie aanspraak om genesers te wees nie, ons help net die natuur. Daar's een Geneser, dis God." So God is die Geneser.

113 Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Goed, Broer Branham, ek gaan jou dan 'n vraag vra." Gesê: "Wat van penisillien vir griep?"

114 Ek het gesê: "Wel, goeiste, goeiste! Ek hoop jy is nie so swak nie." Ek het gesê: "Kyk, wat as jy 'n huis vol rotte het wat gate oral deur die dak vreet, en alles, en onder oral is daar 'n klomp, jy sit 'n klomp rotgif uit en vergiftig die rotte? Dit maak al die rotte dood, dit maak nie die gate reg nie. Penisillien maak net die kiem dood, die griepkiem, dit bou nie die weefsel op wat dit afgebreek het nie, vergiftig net die rotte, dis al, God moet die gate regmaak. Dis al. Hy's die Here wat al ons krankhede genees. Ja, meneer.

115 En ek dank God vir elke serum wat hulle gekry het, vir die Salk-entstof, bid die heeltyd dat God ons iets sal gee vir kanker, vir arme lydende mense. Enigiets wat kan help, ek's ten gunste daarvan, ja, meneer, ek's 'n honderd persent ten gunste daarvan. En as ons Christenmense meer sou bid vir sulke dinge soos daardie, sou ons beter af wees, die hele land sou, ja. Groot manne, hulle gee hulle lewens om net te probeer terugveg teen daardie dinge wat kinders kreupel maak, en alles, sekerlik.

116 Ek dank God beslis vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Ek dank God vir 'n outomobiel, ek dank God vir seep om my hande mee te was, en al die meganika, al daardie dinge, ek dank God vir hulle, sekerlik. Daar was 'n tyd wat ons nie seep gehad het nie, julle weet, daar was 'n tyd wat ons nie 'n outomobiel gehad het nie. As ek wou oorstap na Phoenix toe, sou ek kon afsit, maar ek dank God vir 'n outomobiel, ek klim daarin, vertrou Hom reg in die pad af so vinnig as wat ek kan gaan. Sien? So, ons dank die Here vir daardie goed. Alles wat goed is om ons te help, kom van God, sekerlik.

117 Maar nou, wat as die pasiënt daarbuite op die dokter se trappe sit en net weier om sy medisyne te neem? En as die pasiënt sterf, is dit nie die medisyne se fout nie.

118 "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom kom die gesondheid van My dogter, My mense, dan nie tot stand nie? Is daar iets verkeerd?"

119 Dis dieselfde ding in die kerk. Mans en vroue sit in die kerk en sterf in hulle sondes, omdat hulle God se balsem weier. Dis reg. Dis nie omdat daar geen balsem hier is, die Heilige Gees hier is nie, ons het baie dokters, geneeshere. So die mense sterf in hulle sondes, moet dit nie op God lê nie, daar's balsem in Gilead, en daar's dokters daar, maar dis die mense se gesindheid daarteenoor.

120 Nou, as jy—jy soos medisyne neem, is dit 'n verskriklike ding as jy medisyne sou weier. Hoeveel verskrikliker is dit as jy God se balsem vir jou siel weier, daardie toksiene weier, wat gaan dan gebeur? Jy's vir altyd verlore as jy dit weier. O, jy, jou liggaam mag jy nog regmaak.

121 En dan nog 'n ding, jy kan medisyne neem, wat goed is vir een, een sal help, sal 'n ander doodmaak. Penisillien maak amper 'n derde dood van wat dit help, dit sal sommige doodmaak en die ander help, dis 'n baie gevaarlike ding. En wat een sal help, sal die ander een help. Maar jy hoef nie bekommerd te wees oor God se toksiene nie, dit help: "Wie ook al wil, laat hom kom." Ja, meneer. Dis vir almal, jy hoef jou nie daaroor te bekommer nie, nie gevaarlik om daarmee te lol nie.

122 Jy begin lol daarmee, jy sê: "Wel, ek sê jou, Broer Branham, ek—ek glo nie dis vir my nie." Soos mense vandag sê: "Ek kan net nie ophou rook nie. Ek kan net nie keer om rond te loop nie."

123 Man het vir my gesê nie lank gelede nie, hy het gesê: "Ek het 'n goeie vrou, maar, Broer Branham, ek is nie gemaak vir een vrou nie." Gesê "Ek—ek moet met ander vroue uitgaan."

Ek het gesê: "Jy weet wat fout is met jou? Jy weier net die geneesmiddel." Dis al.

124 Dis wat die probleem is met die mense vandag. Rede dat jy drink, rook, lieg, steel, en baklei met, tekere gaan, jy weier God se balsem van liefde wat ons nadertrek en ons een maak. Nie omdat daar nie genoeg krag van God hier is om 'n herlewing deur die stad te stuur nie, ons weier net om dit te gebruik, dis al. Amen. Dis—dis—dis hier, maar as jy sterf in jou sondes, jou ongeloof, is dit nie God se fout nie, dis nie die Heilige Gees se fout, nie kerk se fout, net omdat mense dit weier nie.

125 Hulle sê hartprobleme is die nommer een moordenaar. Nee, nee, sondeprobleem is nommer een moordenaar, dis reg, nommer een moordenaar. Dit het in ons Pinkstergroepe ingekom.

126 'n Man het vandag met my gepraat oor die Pinkstermense, en hy het gesê: "Weet jy wat, Broer Branham, dit raak net soos ek-weet-nie-wat nie." Gesê: "Jy weet baie van ons mense is, hulle het hulle kinders, hulle bring hulle reguit in, sit hulle op die wiegierol, en kom op, en dis die manier, hulle verwag net dat dit so sal wees."

127 Soos David duPlessis eenkeer gesê het oor so-iets soos daardie: "Wel, jy kan nie so inkom nie. Dis wat—dis wat die Metodiste gemaak het wat hulle is, dis wat die Baptiste gemaak het wat hulle was. Hulle het net aangehou om hulle kinders in te bring, hulle op die wiegierol te sit, en hulle te bring. God het nie enige kleinseuns nie, Hy het net seuns, seuns en dogters, nie kleinseuns en kleindogters nie, God het nie kleinkinders nie. Hy is nie, jy weet, God—God is nie Oupa nie, Hy's Vader." Amen.

128 Ek hoop nie ek maak julle gevoelens seer nie, maar ek hoop ek maak julle 'n bietjie bang, in elk geval, om iets te begin. God het nie kleinkinders nie. En toe jy. . .net omdat jy Pinkster was, jou pappa en mamma die prys betaal het, maak dit jou nie Pinkster tot jy dieselfde prys betaal, en dieselfde ding kry wat hulle het nie. Ja, meneer. Daar's baie daarvan oor, daar's nog baie balsem in Gilead, baie toksiene daar vir sonde, ongeloof. Ja, meneer.

129 Ons Pinksterbroers wat opstaan, sê, Goddelike genesing ontken, en sulke dinge soos daardie, dis net omdat jy die toksiene weier, jou kleinseun. Nie 'n seun van God nie, 'n seun van God is gebore uit die Gees van God, hy's God se kind. Maar God het nie enige kleinkinders nie. Reg.

130 Weet julle wat die probleem is? Hulle is bang vir die nuwe geboorte, dis al wat die probleem is. Laat ek jou iets vertel, broer, ek gee nie om watter soort geboorte dit is nie, enige geboorte is 'n gemors. Of dit in die varkhok is, óf of dit in die stal is, óf of

dit in 'n pienk, versierde hospitaalkamer is, enige geboorte is 'n gemors. En die nuwe geboorte is dieselfde, dit sal jou laat kniel en skree, en huil, en dinge doen wat jy nooit gedink het jy sou doen nie, reg daar onder, waar, broer, ek bedoel dit sal nuwe Lewe voortbring, so seker soos die wêreld.

131 Dit mag jou teologie opmors, mag jou kaartpartytjies opmors, dit mag jou swem, en dans, en rolskaats opmors, dit mag jou jou hare laat groei, dit mag jou iets anders laat kry, en jou laat ophou sigarette rook, dis 'n gemors, maar dit bring Lewe voort. Amen. Wat ons behoort te hê, is geboorte, Lewe, dis morsig, moet morsig word voor dit reg word. Ja, meneer. Jy moet hê: "Tensy 'n koringkorrel in die grond val en verrot," morsig, vuil word daarvan, dis reg, net uitsterf. Daar kniel, en . . .

132 'n Vrou het eenkeer vir my gesê, gesê: "O, ek sal my skaam! Daardie mense daar onder," gesê: "ek kon jou nie eers hoor preek nie," gesê: "wel, daardie vroue en mans wat skree: 'Halleluja! Amen! Prys die Here!' Ek kon nie hoor wat jy sê nie."

Ek het gesê: "As hulle dit nie gesê het nie, sou dit my doodbang maak."

Sy het gesê: "Toe daardie vrou daar agter opgestaan en begin huil het," gesê: "het net koue rillings teen my rug opgegaan."

133 Ek het gesê: "As jy ooit in die Hemel sou kom, sou jy doodvries," ek het gesê: "want almal sal gil, en skree, en die Here ons God prys, die een en enigste God." Reg.

134 Waarvoor is hulle bang? Nuwe geboorte. Dis waarom ons kleinkinders in die kerk het. Bang vir nuwe geboorte, bang vir die Heilige Gees, bang vir die krag van God, bang dit sal—bang dit sal hulle van die grimering van jou laat afwas, of iets, dis wat die probleem is. God stuur vir ons 'n outydse herlewing . . .? . . . weer die Heilige Gees voortbring, daar's baie Daarvan.

"Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen dokters daar nie?"

Sekerlik, daar's dokters hier, baie balsem hier, ook.

"Waarom word die dogter van My volk dan nie genees nie?"

135 Dis omdat die mense dit weier. Amen. Dis reg. Hulle weier om bymekaar te kom, hulle weier om 'n herlewing te hê. Dis wat die probleem is, selfsugtigheid, en dinge het dit oorgeneem. Daar's baie balsem in Gilead, daar's dokters hier, maar die mense weier dit, dis wat die probleem is.

136 Daar was 'n tyd toe ons nie toksiene vir tifus gehad het nie, die tyd toe ons nie toksiene gehad het vir die—die—die Salk-entstof, en sulke goed nie, en, maar nou het ons dit. Dis presies, ons het dit nou, dank God daarvoor. Daar was 'n tyd wat ons toksiene vir verlossing nie te goed was nie, want dit was lammers, en dinge, en bokke, maar nou is die toksiene verander. Sekerlik.

137 Wanneer . . . Waarom vind hulle geneesmiddels vir medisyne? Weet julle wat hulle doen? Hulle bestudeer, sit *soveel* van—van *hierdie* in, en *soveel* van *hierdie* in, genoeg teenmiddel om—om—om die gif dood te maak, en *soveel*, en sien die geval van die pasiënt, en hoe sterk sy . . . Moet nooit medisyne neem tensy jy ’n regte dokter daaroor vra nie, want dit kan jou doodmaak. En so dan, so vind hulle—hulle uit.

138 En dan, voor jy jou kom kry, spuit hulle in ’n klein proefkonyn in, as hy dit oorleef, dan gee hulle dit vir jou. En partymaal . . . Alle menslike liggame is nie gemaak soos proefkonyne nie, julle weet, dis waarom dit sommige menslike wesens doodmaak. Sien? Hulle gee die proefkonyn die toets, en as daardie outjie dit maak, dan gee hulle dit vir jou. Wel, dis hoe hulle medisyne toets, julle weet dis die waarheid. Hulle vind ’n sekere ding en gee dit vir die proefkonyn, en as hy dit oorleef, dan gee hulle dit vir jou, dis waarom hulle ’n klomp pasiënte doodmaak, omdat ons nie almal soos proefkonyne gemaak is nie.

139 Wel, laat ek julle iets vertel, toe God Sy Toksiene getoets het, het Hy nooit ’n proefkonyn gekry nie, Hy het Homself geneem. O God! Toe Hy daar gedoop is deur Johannes op die oewer van die Jordaan, en die inenting uit die Hemel afgekom het, “Dit is My geliefde Seun in Wie Ek ’n welbehae het om in te woon,” hulle het dit dopgehou, gesien of dit sou hou.

140 Toe hulle in Sy gesig gespoeg het, het dit goed gehou; Hy, uitgeskel, Hy het nie terug uitgeskel nie; toe Hy op Gólgota gesterf het, het Hy vir Sy vyande gebid. Dit het gehou op Gólgota, dit het in die dood gehou, dit het gehou op aarde, dit het oral gehou. Hulle het Hom in die graf gesit, en op Paasoggend het dit weer gehou. Amen.

141 A, nie ’n proefkonyn nie, maar ’n Seun van God het die Toksiene geneem, Hy het dit Self geneem. Amen. Nou, ek raak nie opgewonde nie, ek begin godsdienstig voel. Ja, meneer. Wie het die Toksien geneem? Wie het dit getoets? O, halleluja! Hy was die Een Wat ons sondes geneem het en ons siekte gedra het. Hy het die Toksiene op Homself geneem, nie op ’n proefkonyn, profeet, of *so-iets* nie, Hy het dit op Homself gesit. Halleluja! Ja, meneer. “Ter wille van ons oortredinge is *Hy* deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.”

142 Dit het gehou in die uur van die dood, dit het in die kruis gehou, dit het gehou in Getsémane, gehou onder elke versoeking, al die res, die toksiene het gehou. Amen. God sou Ewige Lewe toets, en Hy het dit in ’n menslike liggaam van Sy Eie Seun geplaas, ingekom en in Hom gewoon het, en die toksiene het gehou. Toe Hy opgestaan het op Paasoggend het Hy die bande van die dood, hel, en die graf gebreek en uitgekom.

> . . .*het Hy* aan *die elf verskyn terwyl hulle aan tafel was, en hulle bestraf* oor *hardheid van hart* en *hulle ongeloof, omdat hulle dié wat Hom na die opstanding* uit die dode *gesien het, nie geglo het nie.* (Amen.)

143 Gesê: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word, hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. Want Ek gaan vir hulle 'n bietjie toksiene gee. As Ek hulle hierdie gifstof gee, die dinge wat Ek doen, sal hulle ook doen. Ek gaan die hele Kerk hier inent," het Hy gesê. "Die hele wêreld, vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Halleluja! "Hierdie tekens wat Ek gedoen het, hulle sal dit ook doen, want Ek gaan die Kerk inent met dieselfde toksiene. Kan jy gedoop word, dieselfde toksiene waarmee Ek ingeënt is?" Amen.

144 Dis wat vandag die probleem is, ons het een of ander ou kerkbelydenis geneem vir inenting, dis waarom sonde ingesluip het. As ons daardie selfde Gees kry wat op Hom was, daardie selfde doop, daardie selfde krag, daardie selfde heerlikheid, daardie selfde Heilige Gees, sal Dit ons inent net soos Dit Hom ingeënt het, alle vrees wegneem. Halleluja! In die teenwoordigheid van die vyand staan en God se Woord die Waarheid noem. Amen. Gee jou 'n ruggraat soos 'n saagstomp, haal die wensbeen uit, en sit 'n regte ruggraat daarin. Ja, dit sal. "Kan jy gedoop word met die inenting waarmee Ek ingeënt is?"

145 Beslis gehou in Sy lewe. Toe hy in Sy gesig gespoeg het, het Hy nie gesê: "Jou ou Drie-eenheid, jou ou Eenheid!" nie.

146 Nee, nee, was dit nie, nee, nee, Hy was ingeënt met die liefde van God. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, wie ook al in Hom glo, nie verlore sal gaan nie." Hy was ingeënt, 'n klein, maagdelik-gebore liggaam waarin die God van die Hemel gewoon het. Hy was ingeënt met God, Ewige Lewe was Sy inenting. En dit het gehou in die tyd van versoeking, gehou in 'n tyd van, toe almal Hom verlaat het, dit het gehou, dit het goed gebly. [Leë kol op band—Red.]

147 . . .vyand ten aanskoue van die dood. En hulle wou daardie selfde inenting hê, want nadat hulle dood en in die graf was vir drie dae en nagte, toe die hele hemel verduister het, die aarde 'n senu-uitbarsting gehad het, en al die—die rotse wat uit die berge uitgeskud is, en alles het getuig Hy was dood en Hy was in die graf, en Sondagoggend het die inenting gehou, want Hy het gesê: "Ek het mag om My lewe neer te lê, en mag om dit weer op te wek. Hierdie inenting wat Ek het, sal die lewe neerlê, en Ek sal dit weer optel."

"Broer, dis wat ek wil hê. Ek wil my arm uitsteek."

148 Jy kry dit nie in die arm nie, jy kry dit in die hart. Hou uit vir inenting van die opstanding, van die krag van Jesus Christus. Halleluja! Inenting. Nou, julle wil nie enige geloofsbelydenis *hier*

bo-oor skryf nie, laat Christus net inkom, dis die inenting, Hy het dit nooit probeer met 'n geloofsbelydenis nie, Hy het dit met Sy Gees gedoen.

"Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen dokters daar nie?"

O, ja, ons het beide balsem en dokters.

"Waarom dan?"

Dis, God gaan ons vra: "Waarom?" een van hierdie dae. "Waarom?"

149 Hulle wou ingeënt word, so Hy het gesê: "Ek sê vir julle wat julle doen, gaan op na die stad van Jerusalem, en klim op in daardie bo-vertrek, en bly daar totdat julle inenting kom." O, broer! "Bly totdat jy ingeënt is, totdat die toksiene afkom, die balsem afkom."

150 En terwyl hulle almal bymekaar gesit het, gesange eendragtig gesing het, het daar skielik 'n geluid uit die Hemel gekom soos 'n geweldige rukwind, dit het 'n honderd-en-twintig daarbuite ingeënt. Goeiste, hoe hulle op loop gegaan het! O, goeiste!

151 Soos om 'n kalf te brandmerk, ek het altyd kalwers gebrandmerk, altyd jammer gevoel vir die outjie. En ek moes—ek moes ry om die yster te bring, en julle Texakane weet waarvan ek praat. En so, sou hulle hom kniehalter, en hierdie ou yster daar oorkant gryp, en dit op hom slaan, ek bedoel hy sou 'n spasma hê. Hy sou skop, en skree, en daar aangaan vir 'n lang tyd, maar, broer, hy het geweet waar hy gehoort het daarna, hy was gebrandmerk. Dis reg.

152 En partymaal sal dit jou laat optree asof jy nie gesonde verstand het nie, maar jy's gebrandmerk, jy weet waar jy is, en jy's een van hulle wat gevul is met die Heilige Gees, ingeënt.

153 Honderd-en-twintig is ingeënt. O, hulle 'n tyd gehad, wat ek bedoel om te sê. Hulle het regtig 'n wonderlike tyd gehad. Het heeltemal ingeënt daar uitgekom, Ewige Lewe gehad, geweet dat God hulle sou opwek in die laaste dae, en hulle het 'n lekker tyd gehad.

154 En hulle was so vol heerlikheid, baie van hulle kon in vier, vyf, ses, sewe, agt, tien verskillende tale praat, maar hulle kon nie eens een van hulle vind om te gebruik om Hom mee te prys nie, so hulle het net, God het hulle 'n splinternuwe taal gegee om Hom mee te prys, so hulle het net begin praat in onbekende tale soos die Gees hulle uiting gegee het. Net hê. . .Hulle is ingeënt. Dit het gewys hulle is ingeënt, hulle was—hulle het gepraat van 'n Koninkryk waarnatoe hulle sou gaan. Hulle is ingeënt.

155 Sondevraagstuk was verby. Petrus hoef nie meer uit te gaan en bitterlik te ween nie, toe was dit alles verby, hy was ingeënt. Ja, meneer.

156 En weet julle wat? Party van daardie mense het so honger geraak vir bietjie daarvan, weet julle wat het hulle gedoen? Hulle het gesê: "Manne en broers, wat kan ons doen? Het julle 'n dokter hier?"

"Ja."

"Wat is dit?"

"Hierdie is die balsem."

"Het julle 'n dokter hier?"

"Ja, sy naam is Doktor Simon Petrus."

"Goed, Petrus, sal jy vir ons 'n voorskrif uitskryf?"

"Ja. Ek wil nie die heeltyd hierdie moet skryf nie, ek gaan net een skryf vir die heeltyd. Ek sal vir julle 'n voorskrif uitskryf."

157 Nou luister, broer, weet jy wat? As die voorskrif reg uitgeskryf is, moet jy dit nooit neem na een van hierdie kwakapteke wat 'n bietjie daarby voeg nie, of 'n bietjie byvoeg. . . wegneem daarvan nie. As jy enigiets anders daarin sit en daardie formule meng, sal dit jou pasiënt doodmaak; en as jy te veel van die teenmiddel uithaal, of te veel teenmiddel insit, sal dit glad nie help nie, so los dit net soos dit geskryf is.

158 Hy het gesê. . . Watter soort voorskrif? Hy het gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang. Want hierdie voorskrif is vir julle kinders, en julle kinders se kinders, en vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Inenting. O, broer, bekeer en kom reg met God. Neem al die dinge weg. . . God het belowe dat Hy jou die Heilige Gees sou gee. Dis die voorskrif.

159 "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, hulle sal met nuwe tale praat, as hulle slange opneem of iets dodeliks drink, sal dit hulle nie skaad nie, want hulle is ingeënt. En hulle sal hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word." Halleluja! . . ? . . . Preek Dit soos Dit is.

"Is daar geen balsem in Gílead nie? Of is daar geen inenting hier nie?"

160 Daar's baie inenting. Halleluja! Sjoe! Hmm! Ja, meneer, balsem, balsem in Gilead! Ingeënt. Kan die smaak van die dood verduur. Kom reg in die aangesig van. . .

161 Paulus, eenkeer het hulle 'n stellasie gebou om sy nek af te kap daar by Rome, ek het by dieselfde plek gestaan, Paulus het gesê: "O dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Ek is ingeënt, hoe gaan jy my vashou? Hoe gaan jy met my terugpraat? Maar dank God, Wat die balsems van Gilead gestuur en my hart ingeënt het met die doop van die Heilige Gees. Daar's niks toekomstig, huidiglik, geen organisasie, of niks wat

ons ooit kan skei van die liefde van God, wat daar in Christus Jesus is nie." Halleluja! Solank ons in God is, is ons ingeënt teen die dinge van die wêreld.

162 Organisasiegrense, jy sal reg bo-oor hulle spring, en die ander broer om die hals val, as jy die inenting het. Amen.

O, ek voel goed. O, ons het altyd 'n liedjie gesing:

> Ek sal wegvlieg, o glorie,
> Ek sal wegvlieg;
> Een helder oggend wanneer hierdie lewe verby is,
> Sal ek wegvlieg.

163 Ek is so bly om ingeënt te wees. O, hoe die Seun van God Sy Eie Lewe geneem het en dit in my lewe ingespuit het, dit in jou lewe inspuit, en dan afkom en dit verkwik met Sy Teenwoordigheid! O, goeiste!

164 Julle weet, gewoonlik wanneer jy 'n serum neem, elke nou en dan, word jy ingeënt, maar jy moet 'n versterking kry, en wat hierdie stad nodig het in die Pinksterkerk vandag, is 'n versterking. Halleluja!

165 Moet dit nie versterk deur te sê: "Ons sal nog 'n paar organisasies maak" nie, dit sal jou voorskrif ruïneer. Gaan reguit terug en neem 'n versterking van die einste ding wat daar ingekom het in die eerste plek, dieselfde doop volgens dieselfde voorskrif, en dieselfde Heilige Gees. Amen. Amen. Glorie vir ewig, en ewig, glorie en krag in die opstanding van Christus!

166 Toe het Hy gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, want julle is ingeënt." Amen. Ingeënt met opstandingskrag: "voorsmaak van Goddelike heerlikheid." Amen.

167 Ek weet julle dink ek is luidrugtig, maar, goeiste, julle gevoel het soos ek voel, sou julle ook luidrugtig raak. Ingeënt, gebrandmerk, so bly ek weet waar ek hoort, in die huis van God. Is julle nie bly nie, Christene? O, Hy's hier, o, sonder 'n sweempie twyfel. Laat ons ons hoofde buig en Hom aanbid.

168 Here Jesus, O God, U Gees is so ryk en:

> Hoe ryk en suiwer!
> Dit sal vir ewig bestaan,
> Heiliges en Engele se lied.

169 Die liefde van God, wat oorgaan, wat na die dieptes toe gaan, wat uitreik na die gevallenes, die liefde van God wat uitgestort word in ons hart deur die Heilige Gees!

170 Here, ons het balsem, ons het inentings, ons het dokters hier wat die voorskrif kan lees, God, U is hier as 'n Apteker om dit te gee, en die inenting te gee. Ek bid, God, dat U dit sal skenk aan elke hart vanaand wat onverskillig teenoor Christus is. Skenk

dit. Laat U groot Gees nou vorentoe kom en Sy krag wys. Skenk dit.

171 Soos ek myself oor hierdie sakdoeke, voorskote, lappies lê, mag die Heilige Gees wat hierdie vreugde van die fonteine van die Lewe in hierdie kerk inbring, O God, mag Dit deur elkeen van hierdie lappies trek. In die Naam van Jesus Christus, mag hulle elkeen geseën word, en die mense genees word. Ek vertrou hulle toe aan U, Here, saam met die gehoor, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God. Amen en amen.

172 O, goeiste! Hoe—hoe bly is ek! O, ek's so bly, ek's so bly. Hmm! Toe ek eers . . . Toe ek 'n wildbewaarder was, het ek verbygegaan, daar was altyd 'n ou fonteintjie, dit was die gelukkigste fontein wat ek ooit gesien het, dit het net *geborrel*, *borrel*, *borrel* die heeltyd, somertyd, wintertyd.

173 Eendag het ek gaan sit langs die ou fonteintjie, en ek het gesê: "Waaroor is jy so bly?" Natuurlik kon hy my nie antwoord nie. En ek het gedink: "Nou, as hy my kon antwoord, wat sou hy sê?"

Ek sê: "Jy's bly omdat takbokke uit jou drink?"

"Nee."

Ek het gesê: "Waaroor borrel jy? Omdat bere uit jou gedrink het?"

"Nee."

"Borrel jy omdat ek uit jou drink?"

"Nee."

Ek het gesê: "Wat laat jou die heeltyd borrel?"

As hy kon praat, sou hy sê: "Broer Branham, dit is nie ek wat borrel nie, dis iets onder my wat my laat borrel, my stoot."

174 En dis hoe dit is met 'n wedergebore seun van God wat ingeënt is deur die krag van die herrese Jesus Christus. "Dis nie Ek wat die werke doen nie," het Jesus gesê. "Dis die Vader wat in My woon, Hy's die Een wat die werke doen."

175 Dis nie, net as daar iemand hier is wat dit nie verstaan nie, dis nie hierdie mense wat borrel nie, dis *Iets* daaronder wat hulle laat opborrel, dis reg, strome, spuitfonteine, wat opspring. Vir die vrou by die put gesê, die waters sou 'n fonteine van water wees, wat ontspring in ewigdurende Lewe.

176 O, geen wonder die digter het gesê: "Dis onuitspreeklike vreugde en vol heerlikheid," nie. Amen. Sjoe! O, ek voel twee keer my grootte. Ja, meneer, ek's nou tuis. Ek is bly! Ek is bly dat ons uitgekom het. Is julle nie gelukkig nie? O, goeiste, wat God net nou met hierdie groepie kon doen!

177 Wat Hy kon doen as Hy ooit een persoon in Sy hande kan kry net sodat Hy daardie een persoon kan vashou! Hy kan—Hy kan tienduisend op die vlug laat slaan met daardie een persoon. Met een persoon in egte geloof, kan Hy tienduisend duiwels laat

hardloop, so vinnig as wat hulle kan gaan. Ja, meneer. Amen. Ek is so bly, is julle nie?

178 Ons het altyd 'n liedjie gesing toe ek die eerste keer by Pinkstermense gekom het, hulle sou sê: "Ek is so bly dat Jesus my vrygemaak het." Sekerlik, julle was styf vasgebind, Hy het julle ingeënt, dit het dit gedoen, dis al wat dit gekos het. Amen.

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

O, doen dit nie iets aan julle nie? O!

> Ek het Hom lief. . . (Dink net daaraan.)
> Omdat Hy my eerste liefgehad het (Wat het Hy gedoen? Ons ingeënt.)
> En my verlossing (Die Toksien gekoop.) gekoop het
> Op Gólgota's boom.

179 O, hoe bly is ek! Hoe bly is ek dat ek hierdie ooit gevind het! Hoe bly is ek dat ek ooit geweet het, ooit by die plek gekom het waar ek kon besef dat ek niks was nie! En eendag het Hy my opgetel, my gesoen, al my trane weg, en gesê: "Jy's nou Myne."

180 O, dit het net my hart gebreek, en ek het gesê: "Here, laat my wandel saam met die Here in die Lig van Sy Woord. Laat my dag en nag bly in die salwing van die Gees." Net, jammer dat ons dit ooit moet verlaat, is dit nie? Dis net wonderlik.

181 Onthou, vriende, ek het julle lief. Die nag sal nie te donker word, en die reën te. . . te swaar val—val, dat ek nie enigiets vir julle sou doen wat ek kon nie. Onthou net, ek's julle broer, ek het julle lief met my hele hart.

182 Enige gebedskaartjies uitgegee? Het enigiemand 'n gebedskaartjie? O, ek het dit vergeet. Wel, dit is nie nodig om *een* te roep nie. Goed, ons hoef nie, God sal net in elk geval genees.

183 Glo julle die inenting? Julle glo dat Jesus 'n weg gemaak het deur Sy Bloed, dat Hy Sy serum in 'n gelowige kon sit, en daardie gelowige, met daardie selfde serum in hom, dit dieselfde ding sal doen wat dit in die volgende man gedoen het. Dit sal doen. . . O, Hy's wonderlik, is Hy nie? "Die werke wat Ek doen, sal julle ook."

184 Goed, julle mense daarbuite, as God nou sal getuig. . . Hoeveel is siek? Laat ons julle hande sien, hulp van God wil hê, steek net julle hande op. Goed. O, is Hy—is Hy nie net onuitspreeklike vreugde en vol heerlikheid nie?

Nou, laat ons net so eerbiedig wees as wat ons kan vir 'n paar minute, en nou net na Hom kyk. Het julle nie net. . . ? Daardie reënbuie van seëning!

"Ons sal reënbuie van seën hê,"
Stuur hulle op ons, O Heer;
Gee nou vir ons die verkwikking.

Hou julle nie daarvan, daardie verfrissing, daardie Lewe nie?

185 Broer, suster, ek wil vir julle iets sê: Ek wil hê julle moet my glo soos ek spreek in die Naam van die Here en sê: "SO SPREEK DIE HERE." Daar's net een Ding wat jou kan genees, en dis God; en die enigste een roete wat jy na Hom toe kan volg, dis deur geloof. Is dit reg?

186 Nou, ons weet ons glo in oplegging van hande. Glo julle dit nie? Maar as julle my sal verdra, julle het altyd gewonder, mense sê: "Broer Branham, Oral Roberts bid vir vyfhonderd terwyl jy vir vyf bid."

187 Ek weet dit. Dis reg. Oral Roberts bid vir hulle soos God vir hom gesê het om te doen, ek bid soos God vir my sê om te doen. Sien? So hy—hy—hy gehoorsaam God, en ek, ook.

188 Maar julle sien, Oral Roberts en daardie broers daar, wat hande oplê, as julle my sal verdra, dis 'n Joodse gebruik, dit was nie so met die Heidene nie.

189 Kyk na die—die priester, hy het gesê: "Kom, lê U hand op my dogter, en sy—sy sal opstaan, sy sal reg wees as U U hande op haar sal kom lê." Dis Joods, hande oplê.

190 Maar toe Hy na die Romeinse hoofman oor honderd gekom het, het hy gesê: "Ek is nie waardig dat U in my huis sou kom nie, spreek net die Woord." Wat het hy herken? Dat Jesus mag gehad het oor alle siekte. Hy het gesê: "Ek's 'n—ek's 'n—ek's 'n hoofman oor honderd," dis 'n honderd man, 'n *eeu* is 'n honderd man, "Ek sê vir *hierdie* een: 'Gaan doen *dit*,' en hy doen dit, ek sê vir *hierdie* een: 'Kom,' en hy kom, want hy moet, ek is oor hom." Wat het hy gesê, *soveel* woorde? "Ek weet dat U oor elke siekte is, elke siekte, spreek net die Woord, dis al wat U hoef te doen."

Wat het Jesus gesê? Hy het omgedraai, gesê: "Ek het nooit sulke geloof in Israel gesien nie."

191 Nou, ons wil dit op 'n hoër vlak hê, nie waar nie? Genesing is alreeds gedoen op Gólgota. Nou, as God ten minste twee tot drie mense in hierdie gehoor sal bring vanaand waarvan ek niks weet nie, en sal wys dat, wat ek vir julle gepreek het, die waarheid is, as Hy net sal bewys dat ek julle die waarheid vertel het . . .

192 Nou, sonder julleself net af vir 'n oomblik, sê julle hierdie: "Here Jesus, die man ken my nie."

193 Nou, daar's omtrent twee of drie mense wat ek daarbuite ken. Ek ken vir Broer en Suster Evans wat hier sit, en hierdie is hulle twee dogters wat net hier sit. En dan Broer Sothmann, Broer Fred Sothmann daar, is een van die trustees in my kerk in Jeffersonville. En ek dink Broer Simpson, dis hy en sy vrou, en

Broer, Suster Simpson wat reg langs hulle sit, hulle is 'n entjie agtertoe aan hierdie kant.

194 Nou, ek wil net na die gehoor kyk net 'n oomblik, ek wil hê julle moet glo met julle hele hart. O, julle weet nie hoe dit . . . Ek het dit my net toe voel tref, sien, ek—ek weet dit gaan gebeur, dis net al. God het dit belowe, Sy beloftes is waar. Sal julle dit glo? Glo my as Sy dienskneg. Wonderlik!

195 Soos ek julle nou die dag vertel het van staan in, Indië, julle weet, waar daardie duisende was, nou dis net hoe dit was. Jy het dit reg in jou hand, God gee dit net oor.

196 Ek neem elke gees hierbinne onder my eie beheer, tot die eer van God.

O, wat kan nou net gebeur!

197 Sien, ons juig, dis die vreugde van God, dis die vreugde van ons verlossing. Is dit reg? Julle sien Dawid het nooit sy verlossing verloor nie, hy het gesê: "Gee my die vreugde van my verlossing terug." Hy het sy verlossing gehad, maar hy het sy vreugde verloor.

198 Wel, ons het baie vreugde, ons weet dit, ons het vreugde: "Onuitspreeklike vreugde en vol heerlikheid," het dit. Maar nou, die ding, die krag van God is iets groter as vreugde, krag kom deur vaste geloof. Ons kan baie vreugde hê, maar sou miskien glad nie enige krag daarin hê om te genees nie. Maar wanneer ons het—ons die krag van God het, dan het ons die geloof van God wat opbeweeg, aan God vat, weet hoe om Hom aan te raak.

199 Nou, bid net. Ek hou dop vir julle. As Hy my sou aanraak, dan weet ek.

200 Enigiemand hier wat nog nooit in een van die dienste was nie? Laat ons julle hande sien. Nog nooit tevore in een van die dienste was nie? Een man, twee mans, drie mans, vier, vyf, dis goed, ses. Ses mense was nog nooit tevore daarin nie. Ek wil julle dan iets sê, broers, hoe het Jesus herken- . . . hoe het die wêreld Jesus as Messias herken? Omdat Hy vir hulle kon sê wie hulle was, of wat hulle was, of . . .

201 Toe Simon Petrus gekom het, net 'n ou visserman, het Hy gesê: "Jy is Simon, jy's die seun van Jona," Petrus het Hom geglo; toe Hy gekom het, wel, ons het net regdeur die Bybel gegaan, gisteraand het ons Saggéüs bo in die boom geneem; blinde Bartiméüs, toe hy Hom aangeraak het, omgedraai, en hom vertel het; die vrou by die put, sy . . . het haar gesê waar haar probleem was, en sy het gesê: "Kom sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het! Is dit nie die einste Messias nie?"

202 Hy het dit nooit aan enige van die Heidene gedoen nie, dit het net na die Jode en die Samaritane toe gegaan, want hulle het gesoek na 'n Messias. Nou het hulle, tweeduisend jaar lank het hulle in duisternis rondgedwaal, maar nou het die Heidene hulle

dae van onderrig gehad, en nou sif hulle die Kerk nou. Dit het tot by die einde gekom, net soos dit hulle einde was, vierduisend jaar, en toe hulle einde, nou, dis tweeduisend jaar, want Hy neem net 'n—'n volk, nie 'n volk nie, net mense uit die Heidene vir Sy Naam ontwil, hulle sal Sy Naam hê, sien, Naam ontwil. Hy neem mense uit die Heidene, maar dan neem Hy Israel as 'n volk.

203 Maar Hy's dieselfde Christus, en Hy het belowe soos dit was in die dae van Lot, die ding wat Hy gedoen het, Hy dit weer sou doen. Hoeveel wil graag. . .glo dat daardie Engel van God daardie Een wat Lot ontmoet het, uh, Abraham ontmoet het. . .? Hy het nooit afgegaan na Lot nie, Hy het by Abraham gebly. Julle, het julle die storie gelees, nou, baiekeer?

204 Nou, daar's twee van hulle wat afgegaan het na Lot, en Een van hulle. . .Hulle het hulle uitgehaal, maar *hierdie* Een het nooit afgegaan nie, en dit was die Een wat die Here God was, Elohim. En Hy het Sy rug gedraai gehad na die tent. Eers, het Hy na Abraham gekyk, en vir Abraham gevra waar sy vrou was, Sara.

Gesê: "Sy's in die tent agter U."

205 Hy het gesê: "Ek sal jou besoek volgens die lewe," tyd van die lewe, weer die agt-en-twintig dae. Sy was toe 'n honderd jaar oud, net op negentig, sy was negentig, Abraham was 'n honderd. En gesê. . .En sy het gelag. Hy het gesê: "Hoekom het sy gelag?"

206 Nou, Hy het gesê dit sou weer herhaal, ek sal dit net albei kante doen, kyk of dit dieselfde God is. Nou, mag God van die Hemel. . .En kyk, met hierdie Bybel, laat ek dit sê, Christene, hierdie Bybel oor my hart. . .

207 Het 'n klein ongeloof wat rondsluip, een het gisteraand ingekom, daarbo op die rand van die platvorm gesit, die diens seergemaak, God sal daarvoor sorg. Gedink ek het dit nie geweet nie. Huh! Jy moet dit nooit dink nie, Broer.

208 Laat ek dit sê met die Bybel oor my hart: ek doen dit, nie vir 'n vertoning nie, ek doen dit omdat dit is om te vervul wat Jesus gesê het sou plaasvind.

209 Toe Hy gekom het, hoef Hy nie te genees het nie, Hy het dit gedoen dat dit vervul kon word. Is dit reg? Hierdie het nie. . .Hy hoef dit nie te doen nie, maar dat dit vervul mag word, Hy het dit belowe, dis Sy Woord. En so laat Hy dit net toe as gevolg van die vervulling van Sy Woord.

Kan God hartprobleme genees? Hy het toe, het Hy nie? Dis nou alles verby.

Ek het nog nooit die vrou in my lewe gesien nie, maar sy's nou genees. Vervul dit Sy Woord?

Wel, jy sê: "Broer Branham, wat vervul dit?"

Hy's 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg?

"Wel, ek het gedink jy het gesê Hy was *El*, *Elah*, *Elohim*."

Dis reg.

"Wel, jy het gesê Hy het Sy rug gedraai, en Hy het uitgevind wat Sara gedoen het."

Korrek.

Nou, jy sê: "Is jy Hy?"

Nee, meneer!

210 Dis Hy regoor hierdie gebou. Sien? Dis Hy in julle, Dis Hy in my, maar Hy moet deur iemand werk. Daar's nie een van ons waardig nie, ons kan nie waardig wees nie, ons is sondaars, maar Hy het ons net gekies. Ek glo ons was. . .dat gawes en roepings sonder bekering is. Ek glo dat God ons gekies het voor die grondlegging van die wêreld, Sy Kerk. Glo julle dit? Die Bybel sê so. Dis reg. "Die Antichris sou almal op die aarde mislei wie se name nie geskryf was in die Boek van die Lewe van die Lam vorr die grondlegging van die wêreld," nie.

211 Bid hier buite, iewers, bid en kyk. O, broers, dit kom van julle af, ook, hier agter. Nou, bid julle net saam met my, broers, ons sal sien waar daardie selfde Engel is.

212 Nou, neem net julle tyd, wees eerbiedig, ons sal net ons tyd neem. Het baie tyd, moet net nie haastig wees nie. Moenie druk nie, sit net stil, sê: "Here God, daardie man het sy rug op my gedraai. En ek weet hy's net 'n man, so as hy—hy my sou ken, sou hy. . .moes U wees wat vir hom sê, dis al wat dit is, want ek is net 'n vreemdeling wat hier in hierdie diens sit."

Ja, daar's 'n vrou wat nou net hier aan my verskyn, ek kyk reguit na haar.

213 Ek wil hê julle broers, kyk *hier*. Kan julle Dit nie sien nie? Kyk *hier*, reg op die rand van hierdie lap *hier*. Sien *hierdie* rooi? Sien? Kyk *hier*, sien daardie Lig?

214 Nou, daar's 'n vrou wat reg agter my sit, sy's baie ontsteld. Sy het artritis, en sy het hoë bloeddruk, sy's gepla met 'n allergie, en wel, sy het net komplikasies. Nou, as sy dit net nie mis wanneer ek omdraai nie! Haar naam is Mev. Kahn. Staan op, Mev. Kahn, ontvang jou genesing.

Glo julle nou? Hê dan geloof in God.

"Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

"In die tent agter U."

Sien julle wat ek bedoel? Wat van sommige van die res van julle? Kan dit met jou gebeur? Kan, as jy dit sal glo.

Hier, sien hierdie vroutjie wat net hier sit? Sien daardie Lig net *daar* bo? Kyk *hier*.

215 Sy het toe opgekyk na my, sy bid. Sy bid nie vir haarself nie, dis vir 'n seun. Dis waarvoor jy gevra het, jou seun, was dit nie, dame? Glo jy God kan vir my sê wat sy probleem is? Sal jy die genesing vir hom aanvaar? Maagprobleem. Dis reg. Glo dit net, dis al.

216 Wat van iemand oorkant in hierdie distrik? Wat glo julle almal daar oorkant? Glo julle met julle hele hart? Hê geloof, glo net. Hoeveel hier oorkant is siek, en het nie 'n gebedskaartjie nie? Begin nou net in julle insmelt. Sien? Julle wil gebed hê, maar julle het nie 'n gebedskaartjie nie. Wel, niemand het 'n gebedskaartjie nie, natuurlik, dis reg. Ek glo hulle het gesê daar was een gebedskaartjie hier iewers, waarskynlik van 'n diens of iets. As almal nou net geloof het, en vertrou, moenie twyfel nie! "As julle kan glo!"

217 Net hier, kyk hier, jy hier in die voorste ry, daardie breuk, glo jy God sal dit gesond maak? Glo dit met jou hele hart? Jy kan kry waarvoor jy gevra het.

218 Wat van jou, meneer, met jou geboë hoof hier? Het oor die vrou gegaan, reguit van daar af oor hierdie man gekom. Jy's ook behoeftig, is jy nie? Glo jy dat Christus jou kan gesond maak? Het probleme met jou oë, met jou ore. Jy's van Houston, Texas. Mnr. West, gaan terug, en sê vir hulle in Houston, Christus genees die siekes.

Glo jy nou met jou hele hart?

Het 'n senuwee-ineenstorting gehad, het jy nie, dame? Jy, van Corpus Christi daar, glo met jou hele hart.

God is 'n Geneser van alle siektes. Glo jy met jou hele hart?

219 Steek jou hand op daar oorkant, 'n rukkie gelede, meneer, met daardie lewerprobleem en maagprobleem, Mnr. Rainwater, van oorkant in Louisiana. Eerste keer wat jy ooit in 'n diens was, dink ek het jy jou hand opgesteek. Wat dink jy van Hom? Is Hy 'n wonderlike Geneser? Gaan terug en vertel hulle daar oorkant wat Hy vir jou kan doen, oral nou, sien.

220 Wat daar agter aan die agterkant sit, daardie klein seuntjie, het 'n verstandsblokkasie, het hy nie? Dit was veroorsaak deur 'n dokter wat iets aan hom gedoen het, te veel narkose, hom 'n verstandsblokkasie gegee het. As ek jou sê wie jy is, sal jy jou hand op daardie seun sit vir my? Mev. Howell, dis reg, sit jou hand op die seun, ek sal daardie duiwel bestraf.

221 Satan, kom uit hom uit!

222 In die Naam van Jesus Christus, vra ek vir sy genesing.

223 Glo jy? Glo almal? Is God hier? Is dit die inenting? Is dit dieselfde Heilige Gees, dieselfde Here Jesus, die Een wat belowe is?

224 Hoeveel van julle is gelowiges? Steek julle hand op. Halleluja! Sit dan julle hande op mekaar, en doen net soos ek julle nou sê. Nou wees baie stil, sit julle hande op mekaar. Ek het nou iets, as julle net hierna sal luister, net 'n oomblik. Goed.

225 Nou, ek gaan die gebed sê, sekerlik, ek weet wat dit sal neem om julle vyand nou te verslaan, ek gaan woorde in julle mond sit, en julle herhaal hulle terug uit julle hart. Bid julle hulle, ek gaan hulle sê:

226 "Here God, Skepper van Hemel en aarde, Bewerker van ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, vergewe my sondes van ongeloof, en gee aan my van U genade. Ek glo in U, ek aanvaar U as my Verlosser, my enigste verlossing, ek het U krag nodig vir my gesondheid, Ek kan nie vorentoe gaan sonder U nie, ek aanvaar U nou as my Geneser.

227 "Ek verloën die duiwel en al sy werke. Van nou af, sal ek positief dink, sal ek elke belofte glo, die Skrif wat sê: 'Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom,' ek aanvaar Dit nou, ek glo Dit, Dit is myne. Ek dank U, Here. Ek sal aanhou getuig van my genesing totdat ek volkome gesond is."

228 Nou, sit nou stil, hou nou julle hande op mekaar. Nou bid julle, sonder julle nou af by God, gaan nou iets sien gebeur.

229 Goed, broers, predikers, almal, is julle gereed? Nou, as God my gebed hier sal hoor, hoor Hy dit enige plek. Nou, jy het gebid, jy het jou belydenis gemaak, net soos jy sou kom as 'n Christen, jy's nou gereed, as jy 'n sondaar was, is jy gereed vir doop, nou, omdat jy 'n Christen is, jy jou belydenis gemaak het, en nou is jy gereed vir genesing. Nou, wat verg dit?

230 Nou, God is gereed om dit vir jou te gee, daar's net een ding bokant jou, dis 'n klein, dun skaduwee van twyfel. Nou, as ons nou daardeur kan breek! Net soos 'n groot vliegtuig, hulle sê vir my hierdie straalvliegtuie, as, hulle sukkel net, en wikkel, en sukkel, en wikkel totdat hulle deur daardie klankgrens kom, maar nadat hulle deur die klankgrens geloop het, dan is hulle vry. Nou, as jy net jouself kan laat uitstyg bo daardie klein—klein twyfelgrensie daar, o, broer, wat sal gebeur! Jy sal vry loop, jy sal genees word.

231 Nou, ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees, Hou julle hande op mekaar, en bly nou afgesonder by Christus, asof niemand daar by julle is behalwe Hy nie, en verbeel jou net in jou hart, nou, jy sien Hom reguit afgestap kom na jou toe, wat reg voor jou staan. Nou maak jou hart oop en laat Hom in, terwyl ek bid en hierdie skaduwee van duisternis oor jou verwerp. En wanneer dit breek, dan is jy deur die klankgrens, staan net op en loof Hom, elke keer wanneer jy jou siel deur daardie ongeloof voel gaan, dan is jy vry in Christus.

232 Hemelse Vader, dank U vir alles wat U gedoen het, vir die baie genesings, vir die groot krag van God, vir die vele wat

gered is, vir die gemeenskap van die predikers, en bo alles, die gemeenskap van die Heilige Gees. U het ons nie een keer gefaal nie, maar het ons elke keer die waarheid vertel, U Woord bevestig met tekens en wonders wat gevolg het.

233 En nou, Vader, hierdie groepie het uitgesteier oor hierdie gladde paaie en reën, vanaand, om hiernatoe te kom om Jesus te sien. Ons het U gesien, ons het U gevoel, ons weet U is hier, ons het U Woord in ons harte. Hulle het bely, hulle het openlik, in die openbaar bely dat hulle glo, en het U aanvaar as hulle Geneser. Nou sukkel hulle siele, Here, om deur daardie versperrinkie daar te kom, daardie dingetjie daar oorkant wat hulle skud: "Wonder of dit ek kan wees? Wonder of dit verlore sal gaan?" En, O Here, mag die krag van Jesus Christus hulle net nou oprig, daardie grens verbreek!

234 Satan, staan terug, jy verloor die stryd, laat die Kerk deurkom! In die Naam van Jesus Christus, Satan, wyk hier, ek dryf jou uit!

235 In die Naam van Jesus Christus, staan op jou voete en eis jou genesing! Eis jou genesing, en al die hindernisse sal verdwyn! Ek vertrou julle toe aan die Here God, Jesus Christus, in Sy kosbare Naam. Ek verklaar julle as genees, elkeen van julle! Staan op en aanvaar nou julle genesing, in die Naam van Jesus Christus.

61-0125 Waarom?
Amerikaanse Legioen Saal
Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org